MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

336 jaar van genade
1686—2022

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch


# Gemeenteblad

Jaargang 22: Nr 2: Tweede Semester 2022: Koninkrykstyd

Kyk binne vir:



Ons eie Pelgrimstog 3





Band van 117 jaar 5

SINCE 1994 STELLENBOSCH

Voedingsaksie trek 8



Stellumthombo 9



Masandise WWW 10-11



Kruiskerk Kronieke 12-13

CAPE CHORAL Academy

Nuwe Koorakademie 15



Moederkerkjeug 18-20

## Hervormingsdag en die God van Oor-Begin

Destyds toe ek na my eerste gemeente op die platteland beroep is, stuur die kerkkantoor vir my solank die dorpskoerant, sodat ek kan begin aanvoel wat in die dorp aangaan. Ek lees 'n vreemde berig: "U moet pasop! Hier is iemand wat honde vergewe in die dorp. Mnr en mev Basson van Harestraat se hond is vergewe nadat dit vleis met gif gevreet het."

Nou ja, die taal het hulle so bietjie in die steek gelaat. Dis natuurlik *vergiftig* en nie *vergewe* nie. Maar dit het my wel laat dink aan iemand wat gesê het dat om nie te vergewe nie, is soos om self gif te drink, maar dan te wag dat die ander persoon daarvan sal doodgaan.

Dis al weer amper Hervormingsondag, die naaste Sondag aan 31 Oktober. Dis natuurlik die dag waarop ons gedenk dat Martin Luther sy 95 stellinge in 1517 op die Wittenbergse kerkdeur gespyker het. Danksy die uitvinding van die boekdrukkuns in ongeveer dieselfde tyd, het sy boodskap "*viral* gegaan" (sou ons vandag sê) en die Reformasie het vlamgevat.

Meer as 500 jaar later wonder 'n mens wat die blywende betekenis van hierdie stuk geskiedenis is en of dit sinvol is om dit blywend te vier. Die teoloog Martin Marty het van Luther gesê dat daar baie kante aan die moderne wêreld



*Vervolg op 2*

## Die toenemende gewildheid van pelgrimstogte in Suid-Afrika

As jy die woorde "Camino in Suid-Afrika" op Google intik, kom vele opsies na vore waar jy kan gaan stap. Die idee het na Suid-Afrika oorgespoel nadat Suid-Afrikaners die bekende pelgrimstog in Spanje, die *Camino de Santiago* aangedurf het. Is die woord "*camino*" 'n bietjie van 'n gonswoord wat aan verskeie staproetes gekoppel word?

In Suid-Afrika is daar nou verskeie camino-opsies wat elk op eie wyse en in eie woorde woeker vir 'n plek in die mark. Daar is die Namaqua Camino ("*10 days – 260 km*"), die Tankwa Camino ("*… a modern day* 'Great Trek'") met ook die Boesmanland- en Heiveld-roetes, die Baviaans Camino ("*by foot or on horse-back*"), die Hermanus Camino ("*Walk the way*"), die Compassberg Camino ("*Walk 100 km in 5 days"*) in Nieu-Bethesda en die *Sungazer* Pelgrimsroete ("*A True South African Camino Experience"*) in die Oos-Vrystaat. Daar is ook die bekende Pelgrimstog van Hoop (Overberg en Tuinroete) wat aan die kykNET-gehoor bekend sal wees via Erns Grundlingh se gewilde *Elders*-reekse. [*En nou is daar ook 'n eie Pelgrimstog van Hoop op Stellenbosch. Sien bladsy 3.* ***Red***.]

Bewusmaking en fondsinsameling is ook verbind met Camino's soos die Boesmanland Camino verbind is aan die Red-'n-plaas-veldtog waarby Amore Bekker betrokke was en die *Stargazing* Camino tussen Merweville en Sutherland, wat fokus op die invloed van die droogte in hierdie boerderygemeenskappe.

In 2014 is die Pelgrimstog van Hoop ontwikkel, wat vanaf Robertson (en binnekort ook van

*Vervolg op 2*

is wat ons kwalik vir onsself kan voorstel sonder die erfenis van Luther.

Maar die langste skaduwee wat Luther oor die geskiedenis gooi, is sy *boodskap van vergifnis*. Om in Jesus Christus se oë te kyk en die God van Tweede Kanse en Oor-Begin te beleef, is die mees lewensveranderende oomblik waarop enige mens kan hoop. Om ons oor te gee aan daardie vergifnis en die ontdooiing van ons bevrore bestaan te ervaar, word die begin van iets ongehoord nuuts.

Natuurlik het hierdie vergifnis vérreikende implikasies vir hoe ons met mekaar saamleef. Die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser vertel mos van die een van wie baie skuld kwytgeskeld is, maar toe die een wat hom net ’n bietjie geld geskuld het, nie wou vrylaat nie. Daarmee het hy natuurlik bewys dat hy die genade van sy eie verlossing nie begryp het nie.

Ek wonder maar net hoe sal ’n Suid-Afrika en ’n wêreld lyk waar ons mekaar aanraak met die vergifnis waarvan die Hervorming ons geleer het. Goedkoop is dit nie. Want vergifnis beteken nie om maar net te vergeet, of om te sê iets was nie regtig so erg nie. Dis wél, veral in menseverhoudinge, soos om ’n kerkklok wat lui, se tou te laat los. Die klok sal nog so af en toe ’n geklingel afgee, maar ek hou dit nie meer aan die gang nie. En dan kan enigiets weer moontlik raak.

Duquoc stel dit onverbeterlik: “*Forgiveness is an invitation to the imagination. It is not forgetfulness of the past; rather, it is the risk of a future other than the one imposed by past or by memory.*”

Hieraan herinner Hervormingsdag ons.

Johan van der Merwe

---

Voortgesit van 1 af: **Pelgrimstogte in SA**

Wellington af) of Stellenbosch gestap kan word. Jy kan wel op eintlik enige plek begin en die eindpunt is Kaap Agulhas. In 2021 is die Pelgrimstog van Hoop uitgebrei na die Tuinroete en kan daar gestap word van Uniondale af na Mosselbaai. Daar is wegbeweeg van die woord “Camino” na “Pelgrimstog” om dit ’n plaaslike betekenis te gee en om die Pelgrimstog van Hoop te verbind met ekumeniese vennote en kerke wat op die roete besoek word.

Die reisreeks *Elders*, met Grundlingh as aanbieder, het hierdie roetes aan ’n groter gehoor bekendgestel en ná die blootstelling het navrae daaroor en die aantal volgelinge op hulle Facebookblad, asook die aantal pelgrims, gegroei.

Maar hoekom stap mense op ’n pelgrimstog? In ’n gesprek met ’n pelgrim wat die *Camino de Santiago* in 2022 gaan stap het, blyk dit dat daar baie redes is. Sommige mense doen dit vir die avontuur daarvan, omdat dit fisiek uitdagend is en stappers die natuur kan geniet. Ander doen dit met die oorgang van ’n “seisoen”, om van ’n lewensseisoen afskeid te neem of om dit te vier, soos na ’n studietyd of na aftrede, en dus om introspeksie te doen oor die pad verder.

Sommige mense soek nuwe sin in die lewe en ander doen so ’n staptog na ’n egskeiding of geestelike of emosionele uitbranding, op soek na groter heelheid. Ander beskou dit as ’n geestelike dissipline, ’n geestelike verdieping, met ’n openheid om God op die weg te ontmoet, ook déúr hulle medepelgrims.



***Geskryf deur Karlien Becker, predikant op Nuwerus***
*Met verlof en met klein aanpassings uit die* Kerkbode *oorgeneem*

### Tuisbly: Afname met Covid

Hoe lyk die prentjie in die buiteland? In Spanje het die aantal stappers toegeneem van 183 366 pelgrims in 2011 tot 347 578 in 2019, volgens stapstatistiek wat ek kon opspoor. In 2020, as gevolg van Covid, val die getal drasties. Maar dit is weer aan ’t toeneem.

In die eerste sewe maande van 2019 het 192 016 pelgrims die *Camino de Santiago* voltooi en in die eerste sewe maande van 2022 het reeds 218 963 pelgrims dit voltooi, ten spyte van Covid-regulasies. Dit mag dalk wees omdat daar ná die Covid-pandemie ’n behoefte is aan buitelugervarings. Godsdienstige oorwegings blyk steeds ’n rede te wees om die *Camino de Santiago* te stap. In 2021 het 36% pelgrims aangedui dat die roete om godsdienstige redes gestap is, 43% oor beide godsdienstige én ander redes en slegs 20% het dit glad nie aan ’n godsdienstige rede gekoppel nie.

In Suid-Afrika, met die Tuinroete-toevoeging tot die Pelgrimstog van Hoop, het 89 pelgrims in 2021 op die een of ander pelgrimstog gestap en vanjaar was daar reeds 92 stappers, met nog tientalle besprekings glo op pad.

Die belangstelling neem dus toe en dit blyk mense het ’n behoefte daaraan om op beide ’n fisieke en ’n innerlike reis te gaan. Die Pelgrimstog van Hoop en ander weergawes daarvan skep klaarblyklik ’n geleetheid om ’n eeue-oue geestelike dissipline in ons eie land na te volg wat vir ’n groeiende aantal mense betekenis bring.

Bron: Statistiek verkry van Pilgrim Office Statistics, https://oficinadelperegrino.com/en/statistics/

**NUTTIGE SKAKELS**

Besoek gerus https://pelgrimstogvanhoop.com/ vir meer inligting oor die Pelgrimstog van Hoop en https://www.facebook.com/StargazingCamino/ vir die volgende Stargazing Camino.

**Ander webtuistes:**

https://www.capecamino.co.za/
http://namaquacamino.co.za/
https://www.tankwacamino.com/
http://www.baviaanscamino.com/
https://hermanuscamino.com/
https://compassbergcamino.co.za/
https://www.sungazerpilgrimage.co.za/

Aktueel bl 2

**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Richard van Wyk
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Johan van der Merwe
Angelique Havenga
Lionel Hutton

# STELLENBOSCH SE EIE PELGRIMSTOG VAN HOOP: TWEE WEERGAWES



### 1. Dit is die tweede opeenvolgende jaar dat ons 'n Pelgrimstog van Hoop op Erfenisdag meemaak.

'n Groep van 25 mense uit die breë gemeenskap van Stellenbosch het die 15km van die Rynse Kerk op die Braak tot by die Congregational Kerk in Pniël gestap.

Vyf-en-twintig verteenwoordigers van vier gemeentes – Moederkerk, die VGK Gemeentes Idasvallei en Stellenbosch (Cloetesville) en die Congregational Kerk in Pniël – het aan hierdie Erfenis Pelgrimstog van Hoop deelgeneem. Die gedagte agter die Pelgrimstog was om mense uit die verskillende gemeentes te kry om, soos ons stap, treë nader aan mekaar en elkeen se stories te gee, om te reflekteer oor ons verlede en om doelbewus sáám 'n nuwe storie van hoop te begin skryf.



Ons eerste stop was in die Moederkerk, waar Jan van Zyl en Danny Bock van Idasvallei saam 'n Nagmaalsliturgie gelei het en ons deelgeneem het aan die Nagmaal as 'n gedagtenismaal, maar ook 'n gemeenskapsmaal wat ons aan mekaar verbind. Ons tweede stop was by die Ou Hoofgebou met die installasies van die Aanhef van ons Grondwet. Ons het dit hardop saamgelees terwyl ons mekaar se hande vat en nadink oor wat in hierdie aanhef ons raak en inspireer.

Hierna het ons by die Ou Luckhofskool stilgestaan en nagedink oor die geskiedenis van die geforseerde verwydering van mense uit die Vlakte en ook die leerders van Ou Luckhofskool wat die skool moes verlaat vir 'n nuwe skoolgebou in Idasvallei. By die dam teen die Ou Helshoogtepas het ons saam in kleiner groepies vir ons gemeenskap en die land gebid. By Pniël Congregational Kerk is daar weer afgesluit met 'n Nagmaalsliturgie.

Dit was wonderlik om saam met medebroers en -susters uit ons gemeenskap te stap, mekaar se stories te hoor, mekaar raak te sien en te waardeer. Mag ons aanhou om sáám nuwe stories van hoop te skryf.

*Jan van Zyl*








### 2. Die dae het langer geword en Lente kom wydsbeen hardloop oor die Winter...

Ons het nie 'n plaas in Afrika nodig om 'n verskil aan klein en groot se lewens te maak nie. Geen twyfel nie dat Onse Heer my gekies het om die naweek die Pelgrimstog te voltooi. Al stappend het ek na jonk en ouer se verhale geluister.

Die stappers was al voor die waterdraers by die Rynse kerk. Al geselsende stap ons deur die Moederkerk se hekke. Ds Jan en Ds Danny bedien Nagmaal terwyl die helder kleure van ons mooi kerk se vensters lig maak in ons harte.

Tannie Siena se kospakkies word in ons rugsakke gebêre vir die piekniek in Idasvallei. Ons vergader voor die imposante Hoofgebou van Stellenbosch Universiteit. Strijdom van der Merwe het met woord en daad die Grondwet in Afrikaans, Engels en Xhosa uitgekerf om ons te herinner aan die lang pad waarop ons gestap het.

Ds Hans en Paul vorm 'n span en herinner ons Engeland het "God save the Queen" aangepas en sing tans "God save the King!" In Suid Afrika sing ons steeds: "God save South Africa—mag God Suid-Afrika red!"

Die Ou Lückhoffskool vertel sy eie verhale en Felicity, 'n eertydse hoofmeisie, staan met trots voor haar *alma mater*. Herinneringe van jong kinders wat hul skoolbanke padlangs na Idasvallei moes dra, het wonde wat steeds *ooze*.

"Ons het na afloop van die laaste vraestel ons skoolbanke en stoele geskrop. Onderwysers het ons gekerm en gekla aangehoor, maar septer geswaai en OMO en SURF het ons moeders se voorkeure verklap. Nie een van ons dra vandag Elastoplast nie... nog minder die meublement kilometers gedra na ons nuwe skool." [*Meer hieroor op bladsy 5. Red.]*

By Idasvallei nooi Dominee Danny met trots ieder en elk na sy kerk. Tannie Siena se Roosterkoek word in twee gebreek en ons stem saam sy is die Roosterkoek *Queenie*. By Idasvalleidam wou ek die Vallei se trane meet wat die dam volgemaak het...Trane van vernedering, hartseer en moedeloosheid.

*Google Maps* verklap nie Ou Helshoogte pad se opdraandes en kronkelpaaie nie. Ná elke draai wag nog 'n poets... nog sewentien ander opdraendes!

Dankbaar vir goeie geselskap, stories en dapper fynbos blomme. Ds Jan wys vir ons die reuse bloekom wat die aftog geblaas het... min het hy geweet my omval was toe ook al naby! Anthea deel die Dorothea-skool se mooi verhaal en my Echo tekkies hoor die inspirasie. Ou bome kan steeds nuwe bloeisels maak en vrugte dra.

By Delaire Graaff volg ons 'n eenspoorpaadjie sonder kronkels na Kylemore se kerkie. Coke, Fanta en suigstokkies verwelkom ons. Stellenbosch se bydraes staan steeds in die kerkie met sy mooi deure.

Voor Johannesdal vertel Felicity skaamskaam die roete waarop ons loop, is dieselfde paadjie waarop sy as jongmeisie voor op haar kêrel se *bicycle* gesit het: "...want jy weet, ek was nog altyd klein en fyn en hy't nie gesukkel om teen die bultjie uit te trap nie..." Sy koester steeds die mooi herinneringe van haar oorlede man.

Ons stop 'n wyle by die stalletjie met Speldekussings en lieflike Proteas. Die verkopertjie is so mooi soos die blomme. Die koelte van die mooi kerk in Pniël verwelkom ons. Die statige Eerwaarde bedien Nagmaal en ons luister na die kerk se mooi geskiedenis.

Ons hoor Kerkbasaar word soos van ouds hier gevier — en in my kalender aangeteken: *Maart 2023 - Kerkbasaar by Pniël*.

Die Jamestown *taxi* neem ons weer huis toe. Die jong kinders se vrolike stemme in die bussie is aansteeklik. By die eerste ry huise in Cloetesville staan groepies mense met gewyde swart en wit klere... In 'n koor toon die jong kinders simpatie... net vir ons ore: "Siestog, dis 'n begrafnis!"

Om die volgende draai is vier VW GTi' s geparkeer. Oor die *bonnets* is pienk linte gespan en in die motors wag die bestuurders... Manne met *ponytails*. Dit mag miskien die bruidsmeisies se wiele wees... maar vandag is die bestuurders almal *wanna-be* Lewis Hamitons. Die Jamestown bussie stop voor die Rynse kerk. Ses-en-twintig duisend treë tel my horlosie... Het 'n ver pad geloop voordat Kroonstad se Antjie Krog-roete sin kon maak. Vandag was ek ook tuis in die gemeentes van my medemens:

Aan ons gemeente: **Kô lat ons sing!**
***"Nkosi Sikelel' iAfrika"***

*Hermien Dreyer*

# Wat het die Emosie-reeks oopgesluit?




Ons het die Tweede Semester ingelui met die reeks *Van Binne na Buite*, geskoei op die Disney animasiefliek *Inside Out* wat handel oor emosies. In die reeks het ons na vyf emosies gekyk: *hartseer, teleurstelling, vreugde, vrees* en *woede.*

Wat ons vir mekaar aan die begin van die reeks gesê het, is dat *emosies* Godgegewe geskenke aan ons is. Dit is deel van ons menswees. Sonder emosies is ons afgestomp en kan ons maklik onsensitief teenoor beide onsself en ander raak. Verder moet ons versigtig wees om emosies sommer dadelik as "positief" of "negatief" te beoordeel. Emosies is daar om ons te help met groter begrip van ons situasies en kan selfs rigtingwysers vir ons lewens raak. Die belangrike ding is, *hoe gaan ek om met my emosies?*

Wat die reeks kom oopsluit het, is die besef dat ons baie maklik van ons emosies kan wegharloop, dit probeer ontken, of soms bloot oor-rasionaliseer—alles maniere om eerder daarvan weg te kom as om dit in die oë te kyk. Waarmee die reeks ons kom help het, is dat dit die besef opnuut bevestig het dat, wanneer ons die moed kry om na ons emosies te draai, dit in die oë te kyk, bietjie langer daarby stil te staan en dit *in* ons lywe te voel, dit nie net help om trauma en verliese te hanteer en verwerk nie, maar ook om nuwe moontlikhede te ontgin en heling en kreatiwiteit te ontsluit.

Die reeks het ons verder kom help om op 'n verantwoordelike wyse met ons emosies om te gaan. Dit is byvoorbeeld goed om van kleins af vir kinders te leer: *Ons mag maar kwaad raak, maar ons mag nie iets breek of onsself of iemand anders seermaak wanneer ons kwaad raak nie.* Daarom leer ons ons kinders om eerder haar of sy kussing in die kamer te gaan slaan, of buite in die tuin so hard as wat hulle kan te gil of te skree om die emosie uit hul lywe uit te kry.

Die emosie-reeks het ons kom help om eerliker met die lewe om te gaan, met onsself en mekaar—om meer sensitief, sagter, met groter deernis en in voeling met ons lywe te bly. En dan natuurlik het ons ook geleer hoe belangrik dit is om doelbewus diep asem te haal en dit te gebruik as 'n anker wat ons telkens weer terugbring na ons liggaam, God se tempel waarin sy Gees woon.

*Jan van Zyl* 0828713155 jan@moederkerk.co.za

o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

**Stellumthombo**
SnapScan


Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir **2022-23** word met dank ontvang:

**Bankbesonderhede: Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: *Stellumthombo / Masandise studiehulp***

*Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:*
marianne@moederkerk.co.za

GESKIEDENIS VAN DIE VGK OP STELLENBOSCH

# 'n Band van 117 jaar tussen twee gemeentes




Sedert ds Jaco Coetsee in 2017 as leraar van die Verenigende Gereformeerde Kerk, Cloetesville, afgetree het, het hy beslis nie stilgesit nie. Sy A4-grootte boek van 465 bladsye, in 'n klein font gedruk en ryklik met letterlik meer as duisend swart-wit foto's versier en deeglik nagevors en geboekstaaf met altesaam 1031 endnotas, is op 25 Augustus by die Kweekskool-argief aan 'n belangstellende gehoor bekendgestel. Die vertelling is deurgaans onbevange, feitelik, sonder kritiek of kommentaar. Tog skemer daar wêrelde van beide hoop en hartseer deur — daar vir elke leser om *self* te interpreteer.

Die Stellenbosch NG Sendingkerk (soos die gemeente van 1905 tot 1994 bekend was) het ontstaan toe 'n aantal manlike lidmate van die Rynse Kerk, onder leiding van mnre Jan Jeftha en Jeftha Gabriels, by ds J.H. Neethling van Moederkerk kom vertel het dat hulle eerder by die Nederduits Gereformeerde Kerk wil aansluit. Hulle was meesal plaaswerknemers en was die Boerekant van die pas afgelope Anglo-Boereoorlog goedgesind, terwyl die destydse Rynse predikant blykbaar volgens hulle oordeel, "Engelsgesind" was.

Op ds Neethling se uitnodiging om by Moederkerk aan te sluit, het hulle beleefd om 'n "*eie* kerk en predikant" gevra. Uitgestrekte onderhandelinge en bespreking binne die Moederkerk Kerkraad het gevolg, planne is beraam en daar is begin met die bou van 'n kerkgebou in Merrrimanlaan (nou die Baptistekerk). Dit kon sonder skuld gebou word, danksy 'n skenking deur die groot Stellenbosse weldoener, mnr Jan Marais.

Eerwaarde C.H.E. Latsky (hierdie resensent se oupa) is toe beroep en het met sy jong gesin in 1905 hierheen gekom en tussen sy (potensiële) gemeentelede kom woon in Birdstraat, destyds deel van "die Vlakte". Dit was die latere kontensieuse gebied waarvandaan inwoners tydens die wrede toepas van die Groepsgebiedewette die hart van die Sendinggemeente uitgeruk is. Hier het eerwaarde Latsky vir meer as 40 jaar gewoon en gewerk, tot sy aftrede in 1946. Hy het met huisbesoek (te voet in die dorp en met 'n perdekar op omringende plase) die gemeente uitgebou. Moederkerk het sy salaris geborg, want die Sendingkerklidmate was aanvanklik min en arm, later méér, maar steeds arm. Algou is 'n skooltjie vir gemeentekinders (en ook die pastoriekinders) gestig. Dit is aanvanklik in 'n stal en buitekamer in die Latsky-agterplaas gehuisves; later is 'n doelmatige skooltjie agter die kerkgebou opgerig. Die eerste onderwyseres was mejuffrou Lulu Sterrenberg, 'n skoonsuster van die leraar.

Daar is altesaam 35 hoofstukke, afgesluit met "Voetnote en Aantekeninge" (dikwels die volledige teks van kerkraads- en ander notules). Onderwerpe wissel van *Ontstaan, Leraars, Evangeliste*, tot *Geboue en Kerkskole* (later was daar 'n tweede skooltjie), tot *Brigade* (met koper-blaasinstrumente toegerus) en *Jeugbediening,* en van *Vrouebediening* tot *Christelike Afhanklikheidsbediening* (drank en die dopstelsel was en is steeds 'n deurlopende probleem) en oplaas, *Soeke na Eenheid* en *Ringe* (eenwording met die NGK Ring het ná meer as dertig jaar van onderhandeling uiteindelik in 2006 gebeur), en *Ekumene*, die hartlike verhouding met kerke van ander genootskappe.

Oorkritiese lesers kan moontlik kla dat dele van die boek té herhalend van aard is, maar die opset van die boek is eerder toeligtend. Verskillende onderwerpe word om die beurt behandel, telkens chronologies en ingebed in die historiese konteks van landspolitiek. Dit bring noodwendig 'n mate van herhaling mee, maar 'n bepaalde onderwerp word dan juis telkens vanuit 'n effens ander hoek toegelig, wat oplaas 'n meer volledige beeld van gebeure weergee.

Die skrywer stel dit dat hy deurgaans klem sal lê op gemeentelede, hulle rol in die uitbou van die evangelie en hulle diens in verskillende bedieninge en verenigings. Dit doen hy breedvoerig, ook in die plasing van talle foto's, van formeel gestileerde portrette van kerkrade (dikwels deur mnr Hendrik Damonse afgeneem), tot informele kiekies deur huidige gemeentelede verskaf. Dit is insiggewend om die leiersfigure en -families van die begin af te kan uitken na aanleiding van die frekwense waarmee hulle op foto's van die besture van verskillende kerklike aktiwiteite verskyn. Ook insiggewend is die voorkoms van sekere vanne oor die geslagte heen: Jeftha, Bergstedt, Johnson, Carolissen, Gabriels, Damonse, Lekay, Snell, Williams, Barends, Arendse, Rispel ...

Opvallend is ook die organisasie van en déúr betrokke gemeentelede self, wat aktief van die staanspoor af aan die geestelike opbou van die gemeenskap meegewerk het. Die kerk wás — en is steeds — haar lede. Wyke was gemeentetjies in die kleine, met aktiewe ouderlinge as geestelike leiers, diakens as beide kollektante en armoedeversorgers; vroue het mekaar en die kinders van wyke gedien en omarm. Aktiewe jeugleiers, Sondagskoolonderwysers, katkiseermeesters en Brigadekapelaans het die geestelike groei van kinders versorg. Oorkoepelende aktiwitiete soos armsorg, jeugwerk en evangelisasie is deur wyke gedeel.

Die gemeente het oor tyd gegroei, en sedert die 1940s is reeds vier ander gemeentes, oorspronklik ook net groot wyke, afgestig: Vlottenberg (1957), Koelenhof (1977), Kylemore (1980), en Idasvallei (2009). Deurgaans het verskeie Stellenbosse NG gemeentes hierdie gemeentes met skenkings bygestaan. Dit is verblydend. Maar die lees van die boek het hierdie leser ook telkens tot groot hartseer gestem. Waar was stemme uit die NG geledere toe gedwonge verskuiwings in die laat-vytigerjare deur die politieke bestel van destyds op die Sendinggemeente Stellenbosch afgedwing is?

Eers is slegs die *mense* geraak: hulle moes trek uit Die Vlakte, uit die omgewing van hulle kerkgebou, Cloetesville toe; hulle kon nie altyd die vervoer middedorp toe Sondae bekostig nie. Kinders moes ver ente stap om by die dag- en Sondagskool te kom. Hulle moes in sommige gevalle mooi gewelhuisies (die sogenaamde "slawehuisies" van die middedorp) verlaat om by subekonomiese huisies daar vér in te trek. Geldelike vergoeding aan huiseienaars van regeringskant was min, vergoeding aan huurders nog minder of glad nie. Die kerkskool is eweneens gesluit; die kinders is opgeneem in staatskole of in St Ida's Katolieke Primêre Skool in Idasvallei, wat "bruin" gebly het.

Maar van 1964 af is van staatsweë afgekondig dat die *kerkgebou* ontruim moes word; die hele gebied rondom Merrimanlaan en Birdstraat is as "wit" verklaar en die gebou is teen geringe vergoeding van staatsweë opgeëis en aan die Baptistekerk verkwansel. Vir die volgende dertien jaar kon die gemeente wél nog (met vergunning) die gebou gebruik, terwyl daar geprakseer is oor 'n nuwe kerk en jeugsentrum in Cloetesville, maar hulle moes vir 'n lang tyd aan die Baptiste huur betaal vir die gebruik van wat voorheen hulle *eie* kerkgebou was. Hierdie droewe geskiedenis duik telkens in vertellings in uiteenlopende hoofstukke van die boek op en die leser word telkens met 'n knop in die keel bewus van die swaarkry en verarming wat 'n onregverdige politieke ideologie op ons mede-Christene afgedwing het.

Protes in eie geledere was daar ook min, tot alles in die jeugopstande van 1976 tot uitbarsting gekom het. Die enigste slagoffer van polisieoptrede op Stellenbosch was toe die seun van 'n ouderling tot binne 'n woonstel in Cloetesville, waarheen hy gevlug het, deur die polisie agtervolg is en, waar hy in 'n badkamer probeer wegkruip het, doodgeskiet is.

Dat die gemeente dwarsdeur hierdie swaarkry tog moed gehou het en, trouens, gegróéi het, in 'n groot mate selfstandig geword het en selfs ook hulle geboueskuld met groot ywer en doelgerigtheid afgewerk het, is bewys van die juistheid van die titel van die boek: *die Here hét voorsien!* Maar die VG-lidmate was Sy medewerkers.

*Jo-Marie Claassen*

Die boek word by die Kweekskoolargief, Noordwal, te koop aangebied teen slegs R250 per eksemplaar. Navrae: argief@kaapkerk.co.za.

JONG VOLWASSENES

# Ernstige vrae het diep nadenke vereis




Die afgelope kwartaal het die Jong Volwassenes saam 'n kursus oor gebed gevolg. Op Donderdagaande om 18:00 het ons in die Kerkhuis bymekaar gekom om baie spesifiek na te dink oor onbeantwoorde gebed en die wyse waarop ons as gelowiges in ons eie gebedslewe hiervan sin maak.

Aan die hand van aanlyn-materiaal getiteld *The Prayer Course* en die boek *God on Mute,* wat albei deur die Britse skrywer en prediker Pete Greig ontwikkel is, het ons deur die verloop van vyf weke by die volgende vier vrae stilgestaan, naamlik: "Hoe gaan ek hierdeur kom?", "Waarom word my gebede nie beantwoord nie?", "Waar is God as die hemel stil is?", en "Wanneer word gebede beantwoord?". Elkeen van hierdie vrae het gesorg vir diepgaande besprekings oor die aard van ons geloof, die aard van gebed en hoe onbeantwoorde gebed ook deel is van ons geloofservaring.

In hierdie vyf weke is ons uitgedaag om in 'n eerliker verhouding met God en ander te staan, om nie met maklike antwoorde tevrede te wees nie, en om die struikelblokke wat ons elkeen soms in ons geloofslewe beleef, met groter vrymoedigheid te verwoord. Ons kon leer by die kursusmateriaal, by die Woord van God en, natuurlik ook, by mekaar.

Indien jy of jou kleingroep belangstel om meer oor hierdie onderwerp te wete te kom, besoek gerus die webtuiste van *The Prayer Course* (https://unanswered.prayercourse.org/about/). Hier word twee uitstekende gebedskursusse kostevry uiteengesit en deur middel van videomateriaal aangebied.

Vir meer inligting oor die Jong Volwassenes-bediening, stuur gerus 'n e-pos aan jv@moederkerk.co.za .

**Verantwoordelike leraar:**
**Angelique Havenga**
**0710896769**

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

# Wysheid van die grysheid

- Die flinkste komitee bestaan uit drie lede, waarvan een afwesig is en 'n tweede, siek.
- *Kinders hou van kleur, beweging en klank—'n goeie onderwyser moet dus soos 'n kaartmanntjie te kere gaan om hulle aandag te behou!*
- Salig is hy wat niks verwag nie, want hy sal nie teleurgestel word nie!
- *As jy uieringe wil sny sonder om jou oë te laat brand, sny dit in skywe sonder om af te skil, en skil die skyfies eers daarna een-een af.*
- Kuiergaste sien nie die stof in jou huis raak nie, maar wél ongewaste skottelgoed of vuil sokkies in die sitkamer.
- *As jy jou pinkie gee, en hy gryp jou héle hand—dan is hy 'n baie goeie vriend!*
- Wie nie waag nie, bly veilig!
- *Om te fouteer is bloot menslik, maar as jy regtig iets wil opmors, kort jy 'n rekenaar!*
- As jou inkomste 'n honderd Rand is en jy gee R99 uit, bly jy gelukkig, maar as jou inkomste 'n honderd Rand is, en jy gee R101 uit, volg daar 'n ramp.
- *Mense is belangriker as dinge!*
- Vér van jou goed, is jy waarskynlik op 'n lughawe!
- 'n Groot deel van die wêreld se werk word deur mense gedoen wat nie baie lekker voel nie.
- *Jy kan enige gehoor se aandag vir slegs twintig minute hou. Daarna dwaal hulle aandag af. Maak dus in die middel van 'n lesing 'n grappie — of laat 'n boek val — en die gehoor sal daarna weer aandagtig luister.* **Liewe Heksie**


**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Irénée Heyns
0834618564
irenee@moederkerk.co.za

# Nuwe verwikkelinge!

Ds Jurie Goosen vertel:

'n Jong Gereformeerde predikant uit Amerika beplan om na Stellenbosch te kom.

Ds Tyler Helfers van die " Christian Reformed Church" het tydens 2021 'n internskap gedoen by die internasionale bediening. Die gesin wag op die goedkeuring van hul visums vir Suid-Afrika. Bid asseblief vir 'n geskikte huis vir hom en sy vrou, Christina, en hulle twee dogterjies, Carina en Makena, om in Stellenbosch te huur.



Dit laat my terugdink aan jare terug toe ek 'n beurs gekry het en Interkulturele studies in Chicago bestudeer het. In die vreemde het ons 'n geestelike tuiste gekry in 'n gemeente van die Christian Reformed Church. Soos die NGK, is dit 'n denominasie met 'n ryk Gereformeerde erfenis en missionale geskiedenis.

'n Oorgangsfase word beplan vir die bediening met Tyler Helfers wat as opvolger kom, aangesien ek aftreeouderdom nader. Die plan is dat Tyler 'n paar maande saam met my werk en dan in 2023 oorneem.

Aftrede beteken egter nie die einde van my roeping nie. Magdaleen, my vrou kan nog vyf jaar voortgaan met haar arbeid. Sy beplan om voort te gaan met haar ondersteuning van vroue en gesinne van internasionale studente. Magdaleen sal steeds fondse benodig om haar geloofsbediening voort te sit.

Tyler en Christina was besig met fondswerwing in Noord-Amerika. Ds Helfers gaan nou saam met Stellenbosch Moederkerk werk en in diens wees van "*Resonate Global Mission*." Daar is 'n ongelooflike noue verband tussen die visie van Moederkerk-Kruiskerk en wie "*Resonate*" is. 'n Kontrak van samewerking is deur die kerkraad van Moederkerk goedgekeur. Dit beteken dat die internasionale bediening nader as voorheen aan die Moederkerk sal staan.

Ek beplan om voort te gaan met vriendskappe met studente en navorsers van geslote lande. Soos Barnabas in die Nuwe Testament, wil ek graag oudstudente in leiersposisies ondersteun. Afrika, Asië en Latyns-Amerika word deesdae as die " Majority Christian World" beskou. Dit bly 'n voorreg om geestelike leiers van die nuwe middelpunt van die Christelike geloof te ondersteun. Ek en Magdaleen hoop om besoeke aan oudstudente in hul lande te bring, en is reeds genooi om Sri Lanka in 2023 te besoek.

Ons is baie dankbaar vir donateurs, vrywilligers en voorbidders wat hierdie geloofsbediening moontlik maak. Ek wil my opregte dank betoon aan Moederkerk vir die infrastruktuur, soos lokale en 'n kantoor, wat gratis verskaf word.

Bid vir 'n goeie oorgangsfase vir hierdie bediening. Bid vir nuwe donateurs wat die passie deel dat studente—en nasies—deur God getransformeer kan word.

**Seën word Jurie en Magdaleen toegebid vir die nuwe weg vorentoe! Red.**

*o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o*

## Getuienis van oudstudente

**Dr Barnabé Msabah is "Tear fund's Regional Coordinator for Church and Community Transformation" in Oos en Sentraal-Afrika en is Teologie dosent in Kenia. Hy is die skrywer van "*The Way Farer—perspectives on Forced Migration and Transformational Community Development*".**

**Barnabé gee terugvoer:**

"I bless God for using you to shape the trajectory of my ministry, giving me enough opportunity to lead and preach. God had a bigger picture for my life and made you a channel for my blessings.

"I hope you enjoy reading the book, which is a product of my lived experiences as a refugee migrant in many countries, and a theologian who has been schooled at Stellenbosch where you took care of my holistic needs: physical, spiritual, and emotional.

"Thank you very much for impacting our lives, and mine particularly. Yours was a ministry that has visible fruits that will last. The seed you planted in us will grow fruitful trees for all to see."



Dr Msabah en sy vrou, Dr Susan Anzuruni, met hulle dogtertjie.




**Dr Van Tibus, dekaan van 'n Teologiese Fakulteit in die Filippyne, skryf:**

"Thanks to you, your family and the entire Stellenbosch International congregation for opening your hearts to our family. It was a privilege to learn and work with you in the ministry"

Hierbo is hy en sy vrou, Iris, 'n predikant, met sy ontvangs van 'n doktersgraad in Missiologie.

FEEDING IN ACTION VOEDINGSAKSIE
SINCE 1994 STELLENBOSCH

## STELLELLENBOSCH VOEDINGSAKSIE

# ’n Nuwe Groot Trek!








**Vertrek en aankoms**

**Links**:
Totsiens, Woodmill!

**Regs**:
Hier is ons in Plankenstraat!

**Onder**: Kaart van die Plankenbruggebied




Dit is nie elke dag dat ’n organisasie sy wortels moet uittrek om verplant te word nie. Stellenbosch Voedingsaksie het onlangs na nege jaar kennis gekry van Woodmill (op die Devonvalleipad) se nuwe eienaars dat hulle ons perseel vir ’n ander doel benodig. Ons het ’n besonderse era hier beleef; ’n droom is destyds bewaarheid toe ons in 2013 van ’n klein kombuisie (by die NG Noordgemeente) na ’n groot industriële een by ons perseel te Woodmill kon beweeg. Nou moes ons egter weer trek.

Dit was ’n saak van gebed toe ons binne rekordtyd, soos soveel keer tevore, ’n bonatuurlike uitweg vir ’n situasie moes vind. SVA is uitgenooi om ’n perseel by Plankenstraat 12 te besigtig waar die uitleg en opset van die ruimte van die staanspoor af ideaal vir ons werksaamhede gelyk het. Dit bied ook broodnodige stoorruimte. Ons beskik nou oor die nodige kapasiteit om groter skenkings te kan hanteer en te berg.

Ons het op 14 September ingetrek en sien uit na die nuwe hoofstuk in Voedingsaksie se lewe, nou op ’n vergrote perseel. Dit was juis bloeiende *lente* toe ons na Plankenstraat 12 moes verhuis. Dit het ook *nuwe lewe* vir Voedingsagksie beteken.

Alle eer aan die Vader vir Sy wonderlike voorsiening sodat ons SVA se groot afsetgebied nog beter kan dien en bedien!

<u>Hoe om daar te kom</u>: Gaan oor spoor by Gilbeys. Ry in George Blake tot eerste kruising, draai links in Bridgestraat. Planken is die laaste uitdraai regs. In die tweede blok, draai regs by binneplein in. Ons is in die agterste hoek, regs. Kaart: Google Maps



*“Jabes het die God van Israel aangeroep: ‘As U my tog maar net sal seën, my grondgebied sal vergroot en as u hand by my sal wees!*

*Weerhou onheil van my, sodat ek nie smart ervaar nie.” God het toe laat gebeur wat hy gevra het.’* 1 *Kronieke* 4: 9-10 (2020-vertaling)




Vriendelike groete,


Liesel Koen, Projekbestuurder,
Stellenbosch Voedingsaksie
021 886 8986

# STELLUMTHOMBO: NUWE VERWIKKELINGE

By Stellumthombo glo ons aan "speelgebaseerde leer". "Speelgebaseerde leer" behels beide kind-geïnisi-eerde en onderwyser-ondersteunende leer. Die onderwyser moedig kinders se leer en verkenning aan deur interaksies met hulle wat daarop gemik is om hul denke na hoër vlakke te rig en by kreatiewe probleemoplossing te bring.

In al ons kursusse gebruik ons "speelgebaseerde leer" om ook die onderwysers in VKO - sentrums op te lei hoe om deur speel die kinders in hulle sorg te rig. Ons bied verskeie kursusse:

## Bak-en-brou-kursus



Ons onlangse bak-en-brou-kursus het onderwysers die geleentheid gegee om kennis te maak met al die belangrike vaardighede wat kinders in die kombuis kan leer, terwyl hulle kosmaak. Die resepte wat in die kursus gebruik is, is maklik en ekonomies. Alles word gemaak met apparaat wat skole reeds het en eenvoudige bestanddele wat die meeste skole reeds in hul koskaste het. Om kinders in die kombuis te kry, help nie nie net met die ontwikkeling van lewensvaardighede, kommunikasie, probleemoplossing, selfs wiskundinge vaardighede soos skat en meet nie. Dit help ook kinders om te verstaan hoe kos in sy rou vorm lyk, hoe 'n mens daarmee werk, dat teksture kan verander gedurende die voorbereidingsproses en dat hulle "eienaarskap" oor hul eie kos kan neem. Deur kinders in die kombuis te betrek, kan ook kieskeurige eters oorreed word om meer waaghalsig te wees met hul palet.

## Wiskunde in die VKO-klaskamer



Kinders se leer kan nie gesegmenteer en geskei word in ruimtes en plekke, netjies gerangskik en georganiseer word nie. Wiskunde is nie iets wat net op 'n sekere tyd aandag moet kry nie. Wiskunde is oral om ons en vorm deel van alles wat ons doen. Onderwysers is in hierdie kursus geleer hoe om op praktiese maniere kinders gereelde blootstelling aan wiskundige vaardighede te gee, dwarsdeur die dag, en dit nie te beperk tot sekere tydgleuwe of werkstasies nie.

## 'n Belangrike verandering

In April vanjaar het die toesig oor VKO (Vroeë-kinderontwikkeling) instansies geskuif van die Departement Sosiale Ontwikkeling na die Department Basiese Onderwys. Hierdie skuif het baie onsekerheid en 'n tyd van afwagting meegebring. Die Onderwysdepartment het nou 'n twee jaar "hersien-en-besin"-tydperk waar alles tans net in die lug hang terwyl almal wag op die moontlike veranderinge wat kom.

Almal is dit eens: Vroeë-kinderontwikkeling is so belangrik en dit is waar ons die grootste verskil kan en moet maak.







As jy meer wil weet van "speelgebaseerde leer," skakel ons gerus vir 'n koffie-afspraak.
Arina Scheepers, 0724312719 arina@stellumthombo.co.za

MASANDISE STUDIEHULP

# FLOREER!

Soos met baie ander instansies, het Masandise Studiehulp in die afgelope twee-en-'n-half jaar op vele vlakke probleme ervaar. Ons studente moes probeer om met afstandonderrig steeds sukses te behaal. In sekere instansies moes hulle met geld vir koop van internetdata bygestaan word, want hulle kon nie tydens die grendeltyd op hulle kollege of universiteit se kampus kom nie, waar *wifi* gratis beskikbaar is. Mentors moes ook slegs op 'n afstand raadgee: persoonlike ontmoetings was taboe.

Tog het verskeie studente einde 2020 en 2021 hulle studies suksesvol voltooi, met 'n minderheid wat gesak of tou opgegooi het. Soos altyd, was die vind van 'n betalende betrekking of internskap 'n probleem, maar verskeie afgestudeerdes het, teen alle verwagting in, tog wel 'n betrekking gevind, al was dit in 'n paar gevalle net as kelner en nie in die rigting waarin hulle hul met soveel moeite bekwaam het nie.

Metteryd, toe die inperkings minder streng geword het, kon mentors tog hulle vooglinge van aangesig tot aangesig spreek, al moes hulle gemaskerd en in die buitelug onmoet. So ook kon gereelde bestuursvergaderings gehou word, óf in iemand se tuin, óf op Zoom.

Einde 2021 is besluit dat, benewens hulpbehoewende matrikulante van Kayamandi, ook ander ondersteun sal word. Die twee voorsitters het toe uitgereik na hoërskole in Idasvallei, Jamestown en Cloetesville, sowel as na beide hoërskole in Kayamandi.

Ook het 'n nuwe oes van bekwame mentors hulle dienste gebied en algou begin om elk aan een of meer vooglinge raad te gee.

Die jaar 2022 kon toe begin met byna twintig nuwe beskermlinge, benewens verskeie uit vorige jare. Enkeles is nog op skool en word met (byvoorbeeld) vervoergeld bygestaan. Dis alles die moeite werd!

Omdat Masandise geen standaard afgebakende "maandelikse toelaag" vir alle studente uitbetaal nie, maar elke geval volgens behoefte hanteer, wissel die steun aan 'n voogling tussen 'n paar honderd Rand maandeliks, tot 'n maksimum van R3000 vir huurgeld. Dit sluit in verhoogde besteding aan 'n skootrekenaar (sedert Covid absoluut onontbeerlik vir studie) vir elke student. 'n 'n Borg en indiwiduele skenkers van goeie gebruikte rekenaars het egter met hierdie groot uitgawe gehelp. Afslag is by 'n verskaffer beding.

Ook het die finansiële insinking wat met Covid gepaard gegaan het, Masandise se inkomstestroom wel effens geknel, maar tog minder as wat gevrees is. Ons getroue ondersteuners het bly géé, en nuwes het te voorskyn gekom.

Donateurs kan verseker wees dat hulle skenkings ten volle ten bate van hulpbehowende jongmense bestee word. Daar is geen oorhoofse administratiewe kostes nie. Benewens die jaarlikse syfers van Stellumthombo se boekhouding wat deur Moederkerk se kassier en ouditeure versigtig bygehou word, het Masandise ook 'n interne boekhoustelsel wat deur 'n vrywilliger, 'n geoktrooieerde rekenmeester, bygehou word. Ander kundiges dien ook op Masandise se geldelike beheerkomitee. Tot dusver (September) bly Mansadise binne begroting.

Nuwe vennootskappe of samewerking met ander instansies, soos by voorbeeld, Blessingbucks, SciMathus en selfs die Johann en Gaynor Rupertstigting, verminder die geldelike las op Masandise se skouers heelwat, sodat daar op die emosionele, sosiale en geestelike behoeftes van studente gekonsentreer kon word. Nuwe inisiatiewe soos die suksesvolle Wiskunde-Wegbreek-stelsel (sien hieronder en bladsy 11) het ook nuwe medewerkers meegebring. Vir al hierdie hulp is Masandise dankbaar—en gedy ons studente.

Alle eer aan God, ons Groot Leermeester!

*JM Claassen Administratiewe Voorsitter*

### 'n Tutor vertel:

## WISKUNDE uit die AFTREEOORD?





Marina in aksie

Dis nie sonder huiwering dat 'n mens na soveel jare se aftrede, weer jou hand aan Wiskunde-onderrig waag nie! Maar, op die ou end is dit soos fietsry: jy verleer dit nooit regtig nie. Die oomblik dat mens langs 'n matriekkind gaan sit, kom dit vanself: die behoefte om te vra, te verduidelik, te verklaar, te help. En die bevrediging om 'n klein *aha*-oomblik by 'n leerling te ervaar!

Daar is sterretjies wat 'n mens se hart bly maak: hardwerkende kinders met 'n goeie begrip; kinders wat 'n sukses sal kan maak van tersiêre studies. Maar, daar is ongelukkig veel meer matrieks wat 'n jaar of drie— of tien—gelede reeds van die Wiskunde-wa afgeval het. Vanweë die kumulatiewe aard van wiskundige kennis—die een steen rus op die vorige een—is dit eintlik 'n onmoontlike taak om kinders se Wiskunde in matriek te "red"! Nogtans bly dit altyd die moeite werd om selfs 'n klein verskilletjie te kan maak!

*Marina van Zyl, Tutor, Masandise Medewerker, Afgetrede Wiskundeonderwyseres*

# Masandise se Winter-Wiskunde-Wegbreek het ons stoutste verwagtinge oortref!


Weybrandt se brein-gimklas

Van die Afrikaanssprekende skole kon net Cloetesville en Kylemore se leerders Stel-lumthombo-Masandise se eerste Winter-Wiskunde-Wegbreek bywoon.

Wiskunde het gewoonlik emosionele ba-gasie. Dus het ons besluit om dit holisties ’n goeie ervaring vir die leerders te maak. Weybrandt (regs bo) se sessie waarmee hy die dag begin het, het groot byval by die leerders gevind. Heelwat leerders het dit agterna beskryf as besonder waardevol vir hulle. Dit was ’n kombina-sie van brein-gim met die Lego-Duploblokke en asem-halingsoefeninge wat kan help om stres te verminder.


Bobotie-dag!

Na ’n lesing oor ’n spesifieke Wiskunde-onderwerp, is hul geasses-seer en daarna in groepe verdeel. Daar is dan onder die toesig van afgetrede, gesoute onderwysers individueel en gesamentlik gewerk. Die leerders het die leerkragte se passie raak-gesien en was geïnspireer daardeur: *“My tutor was die beste!” “Om te dink oudonderwysers gee hul tyd vir ons!” “Ek kon aanvoel hoe graag sy wou hê dat ek moet verstaan!*”

Middagetes, deur De Warenmarkt verskaf (foto hieronder), was ’n hoogtepunt. Kom ’n seun na my toe: “Tannie, wat het ons nou geëet? Ek het nog nooit so iets geproe nie!” Stom was sy verbasing dat die heerlike gereg selfs ’n naam het: *lasagne*!

Die bederf wat die warm kniekombersies in die hartjie van die winder verskaf het, was duidelik. Die pragtige T-hemde op die laaste dag het die kroon gespan. Farbe het dit geborg, vir hulle om hierna met trots te dra.

Die gemiddelde verbetering van die leerders se punte in die algebra-gedeelte was meer as 20%, en dit binne drie dae! In die terugvoer is dit duidelik dat hul vaardighede en selfvertroue in die vak verbeter het. Daar is ’n groepie van so ses wat selfs A-kandidate kan word. Die grootste verbetering was in die groep leerders wat “20-persenters” was by aankoms.

By Kylemore het leerders met soveel lof van professor Gerhard Geldenhuys gepraat dat die nasorgsentrum al daar hom nou genader het om ekstra klasse te kom gee, vir grade 8 en 9. (Die skoolhoof van Kylemore wil, met die oog op die toekoms, graag meer van Masan-dise te wete kom.)

Een ouer het ons agterna spesiaal bedank. Haar seun het vir die eerste keer in ses maande ’n glimlag op sy gesig! En dit ’n week ná die kursus al verby is!

In 2023 hoop ons om DV 100 Wiskunde-leerders van al die skole om Stellenbosch in Afrikaans én Engels te help.

*M van der Merwe, Uitvoerende Voorsitter*

## Nog ’n tutor vertel


Gerhard in aksie

Dit was vir my ’n voorreg om tydens die Julievakansie deel te neem aan ’n slypskool in Wiskunde wat vir graad 12- leerders van die Hoërskole Cloetesville en Kylemore aangebied is. Die slypskool was die inisiatief van mev Marida van der Merwe en sy het inspirerende leiding aan leerders, aanbieders, tutors en hulp-personeel gebied. Ek het deelgeneem as ’n tutor wat leerders gehelp het met die oplos van probleme en ook hulle take nagesien het.

Aangesien ek net ervaring van onderrig op universiteitsvlak gehad het, moes ek vinnig aanpassings maak om leerders met uiteenlopende vaardighede te probeer help. Gelukkig kon ek steun op die raad van ervare kollegas by die slypskool.

Dit was aangenaam om die leerders van nader te leer ken en hulle belangstellings, ook buite die Wiskunde, raak te sien. Dit was bemoedigend om te verneem dat hulle ook baat gevind het by die slypskool. Ek sien daarna uit om in Oktober aan ’n opvolg daarvan deel te neem.

*Gerhard Geldenhuys*


Die jonge Professor Gerhard swot sy Matriek-Wiskunde

**Naskrif:**

Gerhard Geldenhuys het met sy geduld en rustige aanslag so ’n indruk op sy groepie gemaak dat hul hom aanbeveel het by AITSA naskoolsorgsentrum in Kylemore. Gerhard gee nou Wiskunde-klasse daar vir graad 8- en 9-leerders.

Op ons terloopse vraag of hy enige raad vir die jonger geslaag (onderwysers) sal wil gee, antwoord Gerhard toe: “Ek is nog te jonk om dié vraag te beantwoord!” MvdM

## DIE LENTE-OPVOLG



’n Baie kort opvolg is vroeg in Okto-ber in Kyle-more gehou, ook bygewoon deur ander leerders wat nie in Julie daar kon wees nie.

**Marida skryf:**

“Baie dankie aan al die gemeentelede wat ruim bygedra het met beskuit, toebroodjies, lekker-goed en vrugte. Dit het die leerders baie spe-siaal laat voel!”

**Ons eer hiermee ook die nagedagtenis van wyle Salie De Swardt**, wat saam met sy vrou Lisa ’n reuse geldelike skenking gedoen het om hier-die kortkursus moontlik te maak. Dit was waarskynlik die laaste van sy *baie* goeie dade!



**Rus in vrede, Salie!**

*Red.*

# Kruiskerk-Kronieke

Na die beklemmende tyd van Covid, wat bykans alles lamgelê het, kon studentelidmate in groot getalle weer aan uitreikaksies deelneem

## Lesotho-Hoop Projek

**Charl Cronje lewer verslag**

Ons was vanjaar 'n groep van 19 studente wat tydens die Junie-Julie vakansie na die bergkoninkryk op reis gegaan het. Ons het die uitreik begin deur na 'n egte Basoeto-"village" toe te stap, diep in die berge in, en daar het ons die land se kultuur en sy mense ten diepste beleef.

Na twee aande, diep weggesteek in die voue van die Lesothoberge, is ons terug na *Growing Nations* se basis (Maphutseng) waar ons hoofsaaklik herstelwerk aan 'n afdak gedoen het, gewerk het in die mielielande en 'n Bybelstudie- en speelprojek vir Maphutseng se kinders aangebied het. Maar dit is slegs die "harde dop" van die Lesotho Hoop-Projek. Die ware wonderwerke wat die Here verrig het, was met ons daaglikse stilwordsessies in die oggende en die Gees-geïnspireerde gesprekke wat daaruit gevloei het, wat ons alledaagse interaksie met mense verryk het. Hieronder volg 'n gedig wat hierop uitbrei :





Terug wil my hart hardloop
na waar God my onder 'n ysige waterval doop.
En 'n ysige hart opwarm
met die kyk van 'n stom en dowe kindjie in jou arm.

Terug wil my siel vlug
na Sy plek van rus. Ja, 'n heilige plek
waar die Heilige Gees in ons verwek
diepe wortels en menige vrug.

Terug wil my kop nie net nadink,
maar gáán. Voordat my gedagtes weer sink
onder aardse dinge wat dit weerhou
om te leer van God se liefde en trou.

Terug tussen die berge wil ek myself bevind,
waar ek geleer het om aan God oor te gee.
Waar ek net kan wéés en gehoorsaam my roeping betree
sonder onbenullighede wat my tyd verslind.

Maar gebruikte tyd is gebruikte tyd,
En dit is die ironie van ons alewige stryd!

Want vandag kan net so wonderlik wees
soos die dae wat ek in Lesotho was.
Leef bewus van God en die Heilige Gees,
en smeek tot Jesus dat Hy jou voete sal was.

Ja, terug mag en moet ek nie smag
want God het vir my geskenk: nog 'n dag
'n dag waar ek in opgewondenheid kan betree
die welbekende roeping wat God vir my gee.

Dat my vrees vir Hom sal groei
groter as die aardse vrese wat in my broei.
sodat ek Hom in al my dinge sal insluit
en dat my lewe sal verkondig:
*"Jesus het die Hemel se hekke oopgesluit!"*





# Transkei Werkersaksie



By Hole in the Wall, Naby Koffiebaai



Op Canzibe

**Jané Jansen van Vuuren lewer verslag.**

Met glinsterende oë en harte vol hoop het vyf-en-twintig studente die langpad Transkei (Oos-Kaap) toe tydens die Junie-Julie vakansie aangedurf. Na twee dae se ry (ongeveer sestien ure se "goue treffers") het ons in die hartjie van ongerepte skoonheid aangekom, waar ons gou geleer het dat ons ons baie voorregte as vanselfsprekend aanvaar. Waar 'n mens op 'n tyd gedink het dat beurtkrag die grootste probleem is, het perspektiewe gou verander toe die water skaars raak.

Ons tyd is verdeel tussen Canzibe (VGK) en Koffiebaai (*Coram Deo* Kinderhuis).

Daar is só baie wat 'n mens oor die Transkei en haar inwoners kan sê, só baie wat 'n mens wil sê, maar dit is iets onbeskryfliks om dit self te beleef. By hulle het ons van vrede geleer, om in die hede te leef en nie oor môre te vrees nie. Al kon ons nie altyd mekaar verstaan nie, het elke inwoner wat verby ons gestap het met hul unieke glimlagte die mooi van God se Skepping weerspieël. Dit is merkwaardig om uit te vind wat die uitreik vir 'n mens beteken. Jy dink jy gaan om jouself en jou vaardighede te deel, om 'n verskil in die mense daar se lewens te maak, maar nooit sou jy kon raai watter impak hulle op *jou* sal hê nie. Ons noem dit 'n *uitreik*, maar 'n *inreik* sou ewe gepas wees. Ons het geleer hoe om werklik onsself in ander se skoene te plaas en om dankbaar te wees vir dit wat ons het.

Dít wat ons van onsself, ander, en van die Here geleer het, sal ons vir ewig bybly, en die geleentheid om dit saam met so 'n besonderse groep gelowiges te kon deel, is iets waarvoor ons vir altyd dankbaar sal wees. Elkeen van ons het deel geword van 'n groep wat lief is vir sy naaste, en nou, ná die Transkei Werkersaksie, kan ons Stellenbosch met 'n nuwe familie invaar, met nuwe moed om die Here se liefde uit te leef.

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0oo0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

## Atlete vir Christus 2022

**Nico Olivier lewer verslag.**

Ons is ongelooflik dankbaar dat Atlete vir Christus hierdie jaar vir die eerste keer sedert 2019 weer deur die land kon hardloop, sing en gesels vir Christus. Ons het op 27 Junie weggespring in Kimberley, 'n draai deur die Vrystaat gehardloop en op 13 Julie in Lambertsbaai geëindig.

Ons is tydens ons toer uiters geseën deur die Here. Mense landswyd het ons met ope arms ontvang en bande is gesmee wat 'n leeftyd sal hou. Ons het minimale teenspoed op toer ervaar — slegs twee pap wiele; gebeurtenisse wat die Here óók vir die verdere uitbreiding van sy Koninkryk gebruik het.

Die terugvoering van die span, na die afloop van die uitreik, is gekenmerk deur stories wat getuig van hoop en dankbaarheid vir ontmoetings met die Here, ervarings wat lewenslank gekoester sal word en *vriende* wat *familie* geword het.

Finansieel het die Here ook voorsien, op maniere waarvan ons nie eens kon droom nie. Op toer het Hy mense se harte voorberei om te gee en ons het slegs guns in hierdie verband ervaar. Ons spreek ons dank uit teenoor elkeen wat 'n pannekoek gekoop het of ons met donasies ondersteun het. Ons is ook opreg dankbaar vir elke gebed en woord van motivering, voor en tydens ons toer. Dankie vir almal se bydrae ter uitbreiding van die Here se Koninkryk.

Ons is opgewonde om weer met die beplanning vir 2023 se toer te begin. Ons sit in afwagting om te sien waarheen die Here ons volgende jaar gaan lei om Sy hande en voete op aarde te wees.








KRAG VIR DIE KERK

# Die Manne-aand 2022



Heerlike saamkuier voor die Hofmeyrsaal. Kyk die pragtige liggies in die bome.


Wat 'n heerlike voorreg was dit nie om weer na drie jaar ons gebruiklike manneaand te hou, waar 'n klomp manne lekker kon saamkuier, ou vriendskappe gevier is en ook nuwes gebou is. Die voorslagspan beplanners het, soos ek konfidensieel verneem het, hulleself die "*party*"-kommissie genoem (soos in "*paartie*")! Geen probleem of uitdaging is vir Ilana Killian of Marianne Botha te groot nie. Selfs die opruim tot eenuur die Vrydagoggend en wéér inval, dieselfde oggend om sewe-uur, was vir hulle geen opoffering nie.

Vooraf is hard gewerk om "lotte" vir ons veiling te bekom en die ongelooflike goeie gesindheid van mense vanuit die gemeenskap, en veral ook uit die wynbedryf, het ons tot nederige dankbaarheid gestem. Hier moet ons ook dankie sê vir De Wet Viljoen en Wihann le Roux vir hulle hulp. Oom Tiny Neethling het die veiling behartig en almal het saamgestem dat ons nie weer so 'n aand suksesvol sonder hom sal kan hou nie. Hierbenewens het Hiram Koopman ons ook verras met twee stukke wat hy op die saksofoon gespeel het.

Die doel was om fondse in te samel sodat al ons geboue onafhanklik kan funksioneer wanneer daar kragonderbrekings is. Kruiskerk en die Khaya, sowel as die Hofmeyrsaal, is reeds so opgestel. Die fondse gaan nou aangewend word om die Kerkhuis en Moederkerk ook onafhanklik van Eskom te maak, sodat die bediening wat die Here aan ons opgedra het, sonder lastige onderbrekings kan voortgaan.

Duisende dankies weereens aan almal se harde werk en ook aan almal wat die aand kom bywoon het. DV maak ons in 2023 weer so. ***Soli Deo Gloria.***

***Richard van Wyk***



**Bo:** *Danksy Ilana, Marianne, Jaco en al ons werkers het die saal pragtig gelyk.*



**Links:** *Andre de Klerk en sy span se kos was uit die boonste rakke. Die pad na 'n man se hart ....*

**STOEPSTORIES**

## Die Vlieënde Smiths en bang Timothy



*Eudore Allers*

**Eudore sê hierdie is haar swanesang" — iemand anders kan nou die *Stoep-stories*-rubriek oorneem. Dankie, Eudore, vir jare se interessante vermaak!**

**Red.**

Die Smith-familie in Tzaneen kon oor ervare vlieëniers onder byna al hul vertakkings spog. Daar was oom Bobby Smith wat vooroorlogs al vlieginstrukteur was en later in die Tweede Wêreldoorlog as vlieënier diens gedoen het. Sy seun, Fred het met sy eie helikopter en 'n gehuurde skut die wildboere se diere verdoof as hulle gevang moes word. Fred se dogter, Pam, en haar man het in Botswana vragte vervoer. Per helikopter.

Daarby was Fred se neefs, Cliff en Trevor Smith, ook onder die entoesiastiese vlieënierboere wat oor klein helikopters, of die gewilde viervlerk, Tiger Moths, of 'n streep ander klein vliegtuigies beskik het om mee rond te vlieg. Hul jongste boetie, Timothy, was die uitsondering. Hy wou nie vlieg nie.

Dit was nie moelik om die tuigies aan te skaf nie. Jy plaas bloot jou bestelling by die fabriek, hulle lewer dit af, jy kry jou lisensie en jy besit jou eie lugvervoer! Tiger Moths was veral gewild, omdat hulle redelik goedkoop was om te koop en te vlieg (hierdie tuie het net een motor elk); daarby was hulle sterk, betroubaar en ideaal geskik vir pret en toertjies.

Hul voorkoms was nogal eienaardig: die lang vliegtuig met sy dubbelvlerke, met die vlieënier wat heel agter sit, die enkele passasier heel voor. Geen dak oor hul koppe nie en slegs 'n lang buis vir kommunikasie tussen die twee.



Die jaarlikse vliegbyeenkoms op die plaaslike vliegveld was die groot dag waarna die hele gemeenskap kon uitsien, veral na hul eie boere se vernuf met speletjies en toertjies. Man en muis was daar. Veral vir die opwindende "T-rolsny": die vlieënier vlieg hoog op en laat sak'n toiletrol terwyl hy die punt vashou en eers 'n hoeveelheid in 'n bondel bo los om die reguit lyn ietwat stabiel te hou. Dan, onmiddellik, duik hy af en vlieg heen en weer teen die hoogste spoed om soveel as moontlik van die papier in stukke en repe met sy vlerke te sny, totdat dit op is. Die een wat die meeste sny, is die wenner. Niemand kon kul nie; op die grond is streng telling gehou te midde van die lawaai.

Toe oom Bobby vir Timothy nooi om as passasier in 'n "T-rolsny" saam te vlieg, was hy buite homself van opgewondenheid. Om deel te wees van so 'n avontuur! Oom Bobby was die wenner, maar arme Timothy was doodverskrik.

En tog was dit juis hy wat heelwat later sy oom se as oor sy plaas sou strooi — vanuit 'n helikopter. **E.A.**

**MUSIEKSKOOL MET 'n VERSKIL**

## Cape Choral Academy / Kaapse Koorakademie word geloods

https://www.youtube.com/watch?v=NquORyUXQYc

**Xander Kritzinger vertel:**

Op 3 September 2022 is die Kaap se eerste en enigste koorskool by die NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen gemeente geloods. Hierdie inisiatief en visie word deur die sanger, dirigent en komponis, Xander Kritzinger, gelei, met behulp van die medestigters: sakevrou, Wendy Kemp en prokureur, Anita Janse van Rensburg.

Die Kaapse Koorakademie is 'n koor met 'n skool en nie 'n skool met 'n koor nie. Die fokus word geplaas op skeppende en kritiese denke deur middel van musiek, maar ook entrepreneurskap, om daadwerklik oplossings te kan bied in 'n land wat dit broodnodig het. Hierdie koor sal die koormusiektradisie in sy oorspronklike vorm navolg, naamlik as 'n kerklike instrument waardeur gemeenskappe se geestelike aspekte gedien word. Die CCA gaan nie 'n vermaaklikheidskoor wees nie, maar eerder 'n koor wat sal poog om die gemeenskap op 'n diepgeestelike manier te verryk.

Volgens die Akademie se webblad, sal die skool in 2023 met 40 leerders open, maar daar word beplan om uiteindelik 80 belowende jong musici op te lei. Daar sal heelwat van interns vir indiwiduele akademiese en musiekonderrig gebruik gemaak word. 'n Klein koshuis sal vir leerders van elders voorsien word en daar sal nie minder nie as ses maaltye per dag voorgesit word, bestaande uit vars vrugte en groente, baie daarvan deur die leerders self gekweek.

Die Kaapse Koorakademie sal bedags deur die NG Kerk Stellenbosch Welgelegen gehuisves word. 'n Tutor-intern sal elk tien leerders akademies in indiwiduele sessies begelei met die deurwerk van die "Brain Lane" aanlynkursus, wat hulle sal voorberei vir eksamens in alle vakke soos voorgeskryf deur die IEB (Onafhanklike Eksamen-raad) stelsel met opsionele Cambridge vakke.

Die koor sal op weeksoggende meditatiewe dienste in die Welgelegenkerk aanbied en elke weeksaand sal die diens in die Moederkerk herhaal word. Lede van die publiek is welkom om by die dienste aan te sluit.

CAPE CHORAL

Academy

Die koor beplan om verder weekliks 'n aandgesangdiens/ Mozart of Haydn Mis / Bach Kantates / Suid-Afrikaanse Koordienste uit te voer, wat deur lede van die publiek bygewoon kan word. Daar word verder in vooruitsig gestel dat die koor 'n belangrike rol in groot Christelike feeste, soos Paasfees, Pinksterfees en Kersfees sal speel. Hulle sal maandeliks by die Moederkerk in Stellenbosch optree en op een ander Sondag van die maand by gemeentes in die Wes-Kaapse platteland.

Vir verdere inligting, donasies, oudisies en aansoeke kan hulle webtuiste besoek word by www.capechoral.com, of deur middel van direkte kontak met ons besturende direkteur,

Xander Kritzinger, by xander.kritz@capechoral.com.

***Ons beste wense vergesel Moederkerk se voorsanger Xander met hierdie wonderlike nuwe inisiatief—Red.***

NG KERKARGIEF

# ’n Opwindende museum en veel méér!




*Was jy al ooit in die Kerkargief agter die Kweekskool?*

Nog nie? Gaan maak daar ’n draai — van Moederkerk af, ry eers links in Drostdystraat, dan die paar tree links op in Dorpstraat, dan regs, óm die draai by Utopia en dan weer regs af in die onderste gedeelte van Noordwal. ’n Bordjie wys na die NG Kerkargief se ruim parkeerplek, waar ’n vriendelike wag vir jou ’n plek sal aanwys. Op by die trappies en lui die klokkie. Binne verwys ’n eweneens vriendelik dame jou na die trap, en op die boonste vloer draai jy regs en lui weer ’n klokkie by die glasdeur voor jou.

Binne word jy hartlik deur die bestuurder, dr Andrew Kok, ’n genealoog en ervare geskiedkundige navorser, en sy personeel verwelkom. Hier kan jy dan na hartelus ronddwaal en kyk na die glaskaste met geraamde foto’s van sendelinge uit vergange se dae, ’n predikant se keil en allerhande ander interessanthede.


Op jou versoek sal die argiefpersoneel moeite doen om jou die rakke en rakke met gebonde *Kerkbodes* te wys, van 1931 tot op hede, en ook ’n digitale katalogus van die blaaie sedert 1838 tot op 1930.

Daar is ook heelwat ander reekse en individuele dokumente, soos hierdie beknopte lewenssketse van Dr Andrew Murray Junior, stamvader van die Murrays, wat diep spore in die Suid-Afrikaanse kerk- en sendinggeskiedenis getrap het:


Andrew Murray Jr
Graaff Reinet
9 Mei 1828
1905
18 Januarie 1917

Die Kerkargief se webblad, www.kerkargief.co.za, lys, onder andere, “Acta: Agendas, Notules en Kerkordes.” Nie alles is fisies daar nie, maar is digitaal opgeneem, met ’n soekbare datalys. Die webblad gee ook ’n wye keuse van skakels na, by voorbeeld, gemeentegeskiedenis, gemeentes se webwerwe, kerkadministrasieriglyne, meer as 1000 dokumente uit Professor Willie Jonker se nalatenskap, elektroniese Bybels en die webblad van die Algemene Sinode.

Enigiemand wat belangstel in navorsing oor enigeen van die baie aspekte van die Nederduits Gereformeerde Kerk se werk en




uitreike sal genoeg stof hier vir sommer ’n héle paar doktorale tesisse vind.

Op die webblad is daar ook skakels na die kerkargief se eie nuusblaadjie, *Die Eekhoring,* wat as “pdf” afgelaai kan word. My vinnige loer na die Septemberblad ontsluit ’n weelde van inligting oor onlangse nuuswaardige gebeure in argiefverband.

Die Argief is ook uitgewer: onlangse boekvrystellings sluit in Jaco Coetsee se *Die Here sal Voorsien* (sien resensie op bladsy 5), en ook *Randfigure* van Isabel Murray en Lisel Joubert, oor vroue in die bediening, heel gepas opgedra aan wyle prof Anne-Marie Plaatjies-van Huffel, en prof P.J. Jonas se *The Evangelists,* oor die waardevolle werk wat deur die VGK se lekepredikers of evangeliste in die twintigste eeu verrig is.



Die fotoversameling van die Argief spog ook met amptelike foto’s van die finalejaarklasse van teologiese studente, ook van die Kweekskoolkoor oor die jare, en soms ook van die héle studentekorps van dié opvoedkundige instansie. Mense wie se pa of oupa hier gestudeer het, kan met belangstelling gaan kyk of hulle hul voorsate kan opspoor. Daar is ook gedenkalbums van individuele gemeentes, wat gedigitaliseer is vir makliker navorsing.

Maar vir kinders en lidmate met slegs ’n algemene belangstelling in die hede en verlede van NG lidmate en kerke, bied die museumgedeelte van die Argief heelwat om te bekyk en te bewonder. Moederkerk gemeentelede word aangemoedig om te gaan kyk, of self op die Argief se webblad rond te blaai. Of sluit aan by die “Vriende van die Kerkargief”-groep. Jy ontdek moontlik ’n héle nuwe stokperdjies!

Kontakbesonderhede:
Dr Andrew Kok
021 882 9923 / 0825006758.

(Verslaggie deur die Redakteur)

**Ou en nuwe weergawes van die NGK se amptelike seel plus twee weergawes van die Kerk se nie-amptelike seel**











# Geestelike samesyn, kleingoed en al!









Al keer die kleingoed hulle pappas en mammas se lewens soms onderstebo, of trek dit net so 'n bietjie skeef — soos die groepie hierbo se foto's wat oor die jare geneem is — word kinders geleidelik groter, en vind die groep ouers steeds vreugde en geestelike vervulling in hulle gesamentlike byeenkomste, soos Dick Barry vertel (onder):

**Dick skryf:**

Ons kleingroep deel al die afgelope agt jaar mekaar se lewens. Ons weeklikse bymekaarkoms het 'n baie belangrike ankerpunt vir ons almal geword. Met die afgelope "*Van Binne na Buite*"-preekreeks het ons as groep by elke byeenkoms gesels oor die vorige Sondag se preek.

Die e-Nuus wat weekliks per e-pos uitgestuur word, was 'n wonderlike hulpmiddel. Ons het die byeenkoms begin met die kort video-opsomming van die vorige Sondag se preek, wat dit baie maklik gemaak het om die gesprek te stuur. Ons moedig alle kleingroepe aan om van hierdie waardevolle hulpbron gebruik te maak!

Navrae: richardbarry@gmail.com


TIENERKERK

MOEDERKERK KRUISKERK

“REG-VIR-HOëRSKOOL-KAMP”

# Die Graad Sewe-kamp











Tienerkerk het onder leiding van Anriëtte de Ridder (Predikant in Sinodale diens en ouer in ons gemeente) die naweek van 14-16 Oktober die eerste Graad 7-kamp gehou. Die doel was om die oorgang tussen laerskool en hoërskool te vier deur die kinders in hul geloof toe te rus om hierdie uitdaging en verandering te pak.

’n Groep van 75 mense, waarvan 63 Graad 7-leerders was, is die naweek per bus na die Apostel Battery kampeer-terrein in Llandudno. Die tema van die kamp was: “***Across***” – ’n sinspeling en akroniem vanuit die verhaal van Joshua wat vanuit die woestyn deur die rivier na die beloofde land moes gaan:



**A – Aanvaar jouself,**
**C - Christus eerste,**
**R – Raak betrokke,**
**O – Ondersteun mekaar,**
**S – Soek goeie raad vir besluite,**
**S – Sê vir iemand as dit moeilik gaan.**





Deur die loop van die naweek was daar verskeie aktiwiteite, in groepsverband sowel as indiwidueel, waartydens die kinders juis hierdie verhaal en lesse hul eie kon maak.

Die Saterdagaand is die kinders opgedeel in ses groepe wat in 15-minuut-sessies rondom ses stasies geroteer het. By elke stasie het hulle iets meer geleer van hoe ’n lewe in verhouding met Jesus lyk, naamlik Godsbeeld, belydenis, gebed en met ’n brief aan jouself.

Ons het die aand afgesluit met ’n nagmars, die berge in, en die speletjie lantern-bekruip in die bosse. Tienerkerk se *band* het saam op die kamp gegaan en besondere oomblikke van aanbidding help skep.

Die waarde van roetemerkers en oorgangsrites moet nie onderskat word nie, veral in ’n post-Covid wêreld waar tieners van baie oorgange en ervarings beroof is. Deur die loop van die volgende paar jaar gaan Tienerkerk veral daarop fokus om juis hierdie roetemerkers saam met kinders en hul ouers op ’n sinvolle en Christus-georiënteerde wyse te vier. Ons wil vanuit ons gemeente tieners en hul ouers toerus om ’n betekenisvolle pad met Jesus in al die stadia van ons lewens te stap.

’n Spesiale dankiesê aan Anriëtte de Ridder, Eileen de Beer en Willie Punt vir hulle leiding en hulp tydens hierdie kamp.

Tot volgende jaar!

**Lionel Hutton, Jeugeleraar**



Die Graad-sewes luister aandagtig





**Statistiek:** 93% van die kinders kom uit ons gemeente. 100% van ons leiers (tieners en studente) is ook van ons gemeente. 66% van die kinders het van Laerskool Eikestad gekom en die res vanuit Laerskool Stellenbosch. **L.H.**

# Kinderkaskenades



## Die Akkerklub

Hallo Maats!

Sjoe! Tyd vlieg! Hier is ons al in Oktober! Is julle ook so moeg soos ek? Dit voel of hierdie jaar omtrent besig is en so vinnig onder ons uit te hardloop! Gelukkig het ons darem onlangs 'n bietjie skoolvakansie gehad. Ek hoop julle het almal sommer heerlik gespeel en gerus. Vanoggend toe ek in die tuin bietjie sit en dink aan die jaar, toe besef ek dat dit oor twee en 'n half maande alweer Kersfees is. Ek het so groot geskrik dat ek sommer my hele beker koffie omgegooi het.

Terwyl ek so in die tuin gesit het, het ek al die mooi blommetjies gesien wat ewe skielik oral kop uitsteek, na al die voëltjies geluister wat so vrolik sing. Die lente is beslis een van my gunstelingseisoene; alles is so mooi kleurvol en voel so nuut. Ek dink die Here is beslis die beste kunstenaar wat bestaan, want wie anders gaan die natuur so mooi ophelder en versier? En dan ruik die blommetjies ook nog so heerlik !

Seisoene is daar om ons te herinner aan verandering. Lente is gewoonlik die seisoen wat vir ons dui op nuwe lewe.

lees verder op die agterblad

Ons weet dat, as ons vrugtebloeisels sien, dit 'n teken is dat daar nuwe vrugte



gaan kom, in die plek van die bloeisels. Ná die vrugte geoes is, word al die bome weer gesnoei sodat dit in die komende seisoene weer mooi kan groei. Dan sal daar weer later bloeisels bot en weer vrugte aan die bome kan hang.

Net so is ons ook amper soos een van hierdie boompies. Soms voel ons 'n bietjie moeg, eensaam of hartseer en voel dit of ons herfsbome is. Al ons boom se blare het afgeval!

Maar dan gebeur daar iets wonderliks in ons lewens en ons boom se bloeiseltjies begin weer blom. Wanneer die seisoene in ons lewens só verander, is dit gewoonlik die Here se manier om ons voor te berei om beter en meer vrugte te kan dra.

"Maar watse vrugte is dit?" vra julle. Die snoeiproses aan ons takke is nie altyd so lekker nie, maar op die ou einde is die groot oes van vrugte ons grootste beloning. Ons is boompies wat wel nie *regte* vrugte dra nie, maar wel vrugte van die Gees.

Paulus verduidelik dit so mooi in *Galasiërs* 5:22:

"Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

Hoe bevoorreg is ons nie om hierdie vrugte van die Gees te kan dra nie! Elke keer as jy 'n mooi bloeisel sien, gaan dink bietjie na oor hoe ons hierdie vrugte van die Gees in ons binneste kan kweek en elke dag in ons lewens kan toepas.

Dink 'n bietjie: hoe lyk die vrugte in jou lewe? Natuurlik het jy jou sussie of boetie lief, maar is jy altyd geduldig as dié verbrou het? Kla jy soms baie, of kan ander mense elke dag sien dat jy vol vreugde is? Is jy met almal vriendelik, al het iemand jou gister viesgemaak? Help jy ander mense? (Dis wat "goedhartig" wees beteken.) Doen jy altyd getrou jou huiswerk of is jy soms lus om dit af te skeep? As jy goed in 'n



toets gevaar het, loop jy en spog daarmee of sê jy net vir die Here daarvoor dankie? Skree jy soms op ander mense of kan jy jou inhou? Dis moeilik, né!

Die vrug van die Gees groei maar soms stadig in ons—ons moet elke dag daarvoor bid! Mag die Here ons daarin laat groei.

Groete

Tannie Marianca



'n Boodskap aan Pappa en Mamma:

**Moederkerk/Kruiskerk**

**Jy kan ook jou dankoffer en bydraes deur Snapscan gee vir die gemeente of vir ons gemeenskapsbedieninge by Stellumthombo.**

**Gebruik die korrekte kodes hier:**

**Stellumthombo**